Eenhonderd-en-twintig jaar ná sy stigting in die hitte van die Afrikaanse taalstryd is die tydskrif *Ons Klyntji* weer aan die voorpunt van 'n beweging. Destyds, in die Paarl, het SJ du Toit en Jan Lion-Cachet die publikasie die lig laat sien in 'n tydperk waartydens daar gepoog is om Afrikaans as 'n amptelike taal te vestig; een waarop Afrikaanse sprekers kon trots wees. Dit was dan ook die eerste en enigste tydskrif wat Afrikaans geskryf het soos mense dit gepraat het, en nie die voorgeskrewe Nederlands nie.

Op die eerste taalkongres in die Paarl in Januarie 1896 het Lion-Cachet die heildronk op die nuwe tydskrif ingestel – volgens die berig in *Die Patriot*, op 'seer luimige wyse': 'Di Kleintji wat van dag gebore is, is 'n Kleintji wat hy al lang verwag het (gelag): want hy het di noodsaaklikheid ingesien dat ons Afrikaanse volk ook Afrikaanse leesstof moet hê.'

Vandag is *Ons Klyntji* meer 'n zine as 'n formele tydskrif en die huidige redakteurs, Toast Coetzer en Erns Grundling, noem pertinent dat hulle nie ideologies is oor Afrikaans nie. Verskeie tale word gepubliseer.

Die oorspronklike tydskrif het egter teen 1900 finansiële begin ly weens die Anglo-Boereoorlog en sy laaste uitgawe is in 1906 publiseer.


Koos Kombuis, protessanger en musikant, het *Ons Klyntji* in 1996 weer die lig laat sien.

'Dit was 'n droom wat ek gehad het. Nie 'n droom soos 'n ideaal nie, maar 'n letterlike droom. In die nag. Ek het gedroom ek en my vriende laat die tydskrif *Ons Klyntji* herleef, letterlik, as 'n klein tydskriffie met dieselfde naam. Groot was my verbasing toe ek die volgende oggend research doen en besef die tydskrif was inderdaad presies honderd jaar tevore geloods. Die eerste nuwe *Ons Klyntji* het kort daarna verskyn, in die somer van 1996/97, op A6-grootte bladsye. Ek dink daar het net omtrent tien van die eerste oplaag verkoop, en die meeste is gratis weggegee aan vriende.

'Ek het myself leer lees as kleuter vanaf brekfis cereal bokse, *Die Burger*, en al die ou Afrikaanse boeke wat ek kon bykom op die onderste rak van ons boekrak in die gang. Dit was 'n vergeelde boekeversameling wat aan ons geskenk is deur my oupa, Dr. PC Schoonees. Ek was van die begin af gefassineer deur die verhaal van die eerste Afrikaanse Taalbewegings. Ouens soos Oom Lokomotief was my heroes. Dis dalk hier waar die neiging van latere Afrikaanse sangers om hulself snaakse name te gee – soos ek ook – begin het.

'Ek wou jong Afrikaners anders laat dink oor hulself, oor Suid-Afrika en oor hul kultuur... Ek wou aweregse en oorspronklike Afrikaanse tekste publiseer, en jong skrywers help publiseer op informele platforms,' vertel hy.

Kombuis se benadering tot *Ons Klyntji* stem ooreen met



die destydse ideaal van andersgesinde Afrikaanse denke. Du Toit en Lion-Cachet het rebelleer teen die ontkenning van hul taal en wou Afrikaanse kreatiewe gedagtes verhef en Afrikaanssprekendes aanmoedig om te skryf soos wat hulle praat.

'Afrikaanse jeug se protes, wat in die eerste plek protes teen apartheid was, kan in drie fases ingedeel word,' aldus Kombuis. 'Daar was die little-magazine-era van die vroeë tagtigs, die Voëlvry-era van die laat tagtigs, en die ontwaking

van Afrikaanse jeugkultuur in die neëntigs. Die derde fase het saamgeval met die ontploffing van 'n swetterjoel kunstefeeste en die opbloei van nuwe Afrikaanse musiek. Mens kan amper sê dit was die Afrikaanse lefties se Ossewa-trek,' skerts hy.

'Groot was my verbasing toe ek besef die eerste *Ons Klyntji* het in 1896 verskyn! So het dit gebeur dat ek in 1996, presies 'n eeu na die eerste uitgawe, weer 'n eksemplaar uitgebring het,' vertel Kombuis. 'Toe dit vir my te veel word om te behartig, het ek Toast Coetzer en Erns Grundling uitgenooi om daarmee voort te gaan, en hulle het voortgewoeker. Eksemplare is verkoop by feeste soos Oppikoppi.'

'*Ons Klyntji* (oftwel OK) het so te sê al die amptelike Koppi *zine* geword; almal wat al daar was, het 'n plekkie in hulle hart vir die tydskrif,' sê joernalis Hein Coetzer. 'Mens sou kon sê dis 'n grassroots-beweging. Almal se werk is welkom, al is dit weird en maak partykeer nie eers sin nie.'

Carel Hoffman, een van die stigters van die Oppikoppi-musiekfees, vertel: 'Toe ons agterkom die projek het 'n paar rand nodig om aan die lewe te bly, het ons begin bydra. Ons dink dis 'n klein bedrag vir al die waarde en liefde en smiles wat dit bring. *Ons Klyntji* is 'n platform vir 'n reeks kunstenaars wat feitlik geen ander blootstelling êrens sal kry nie.'

Hoffman weet maar min oor die proses. '*Ons Klyntji* is amper soos atleetvoet, as jy maar weer sien dan het jy dit.'

Redakteurs Erns Grundling en Toast Coetzer is in beheer. Eenduisend kopieë word jaarliks gratis by Oppikoppi versprei, vertel Erns. Die drukkostes word deur die organiseerders van die fees, Hilltop Live, befonds. Dit beloop ongeveer R15,000 per jaar, en Oppikoppi dek ook die uitlegkunstenaar se fooi van R3,000. Verdere onkoste - soos die posgeld en koeverte - kom deels uit die redakteurs se eie sakke. Die bydraers word betaal met 'n 'gratis copy en drink of their choice as hulle ons vaskeer in 'n kroeg of koffiekroeg', sê Toast.

'Ons hou gewoonlik so 100 van daai 1,000 copies uit wat ons vir contributors gee, of met die hand pos. Dan koop ons self 200 ekstra copies aan, en ons verkoop dit aan wie ookal belangstel. En dis min of meer dit. *Ons Klyntji* is baie dinge, maar dis nie 'n gejaag na wins nie,' voeg Erns by.

In 1896 het die skrywer Jan Lion-Cachet, een van die stigters van *Ons Klyntji*, die naam van die publikasie voorgestel. (Afrikaans was die kleintjie wat moes groei.) Meer as eenhonderd jaar later, in 2014, het sy nasaat Francois Lion-Cachet die tydskrif aan die kuberruim voorgestel. Francois is 'n kunsliefhebber en nagraadse regsstudent aan die Noordwes-Universiteit. Hy vertel:


'Ek het die eerste keer van die tydskrif gehoor deur Oppikoppi se social media. Dit was in 2012 en ek was in my matriekjaar en alreeds besig om websites te design. Toe ek van die tydskrif lees, toe spark daar onmiddellik iets binne-in my. Love at first sight? Ek was geïnteresseerd veral weens Jan Lion-Cachet (my oer-oupagrootjie) se rol in die eerste literêre werke in Afrikaans. Ek gaan lees toe op - en hy het die naam voorgestel en als! Alles het op daai oomblik bymekaargekom. My belangstellings, heritage en die bekoring vir *Ons Klyntji*.


'Ek dink die web was die volgende stap vir *Ons Klyntji*. Ek run die site alleen en dis maar 'n challenge. Dit vat baie tyd. Nou en dan sal iemand vrywillig bydra (Koois Kombuis en Aryan Kaganof is van die grootste name), maar die res van die mense nader ek.

'Die site se golden thread is identiteit; wat dit beteken om 'n jong, free-born, ingeligte millennial Afrikaanssprekende te wees - van enige ras. Identiteit is die groot vraag vir die jeug, en arts en culture is wat die pad voortoe bepaal - in enige taal, nie net Afrikaans nie.

'*Ons Klyntji* het 'n magic X-faktor. Iets wat vrydenkendes se aandag gryp. Dit het in 'n goue era ontstaan net voor die 1900's, toe weer in die volgende Voëlvyry-tyd. As jy na die illustrasies kyk van die eerste OK's, sien mens 'n vars en jong aanslag vir die tyd waarin dit gepubliseer is. Alhoewel die publikasie maar sy fair share van Afrikaner-propaganda ook bevat het. Die mense agter OK was oor al die jare baie idealisties en gedrewe. Hul gló in die ding.'

'Ek is baie opgewonde oor wat Francois doen, en, soos hy, hoop ek





dat *Klyntji*, soos destyds, 'n rol kan speel in die denke van moderne Afrikaanse mense, veral diegene wat nie altyd tuisvoel in die establishment nie,' sê Kombuis. 'Soos die redakteurs van die destydse *Ons Klyntji* minder konserwatief en effens meer uitdagend was as die here aan die stuur van *Die Afrikaanse Patriot* van dieselfde era, dink ek *Klyntji* kan vandag 'n teenwig wees teen al die volksvaders, taalbulle en wroegende akademici wat hulself en hul kultuur tog so ernstig opneem, en nie tyd het vir humor en speelsheid nie.'

'n Ligte inslag, die strewende na inklusiwiteit, en dat dit gaan oor geloof in 'n saak – dalk het die nuwe *OK* tog meer as net 'n naam in gemeen met sy voorganger.

Dis 'n snikhete dag in Kaapstad en die Suidoosterwind loei. By die buiteligtydskrif *Weg!* se kantoor ontmoet ek vir Toast Coetzer en Erns Grundling, tans redakteurs van *Ons Klyntji*. (Albei is digters en werk by die reistydskrif *Weg!*) Ná daar koffie gemaak is en tuisgebakte beskuit aangebied is, begin die verhaal: 'Ek het vir Koos die eerste keer live gesien in '97, in my matriekjaar,' vertel Erns. 'Ek was heeltemal gushing en pass half uit backstage en toe gee Koos vir my actually 'n copy van *Ons Klyntji*. Ek dink dis omtrent die tweede ene wat hy toe gedoen het op daai stadium.'

'Toe het ek vir hom 'n poem gepos – jissie, dit was seker 'n posadres nog gewees? Ja, dit was nog voor e-mail,' onthou hy. 'En toe, in Maart 1998, daag die *Ons Klyntji* in 'n koevert by my huis op en daarin is die poem toe gepubliseer en dis nou my eerste published poem... toe voel ek m***e chuffed.' Die glimlag op sy gesig getuig van hoe in sy noppies hy was. 'Toe het ek ingeteken op *Ons Klyntji* en so nou en dan het die tydskrif gekom, nou en dan nie. En toe in 2000', knik hy in Toast se rigting, 'het Koos ons altwee genader en gevra... die admin en dinge raak vir hom bietjie baie en hy's besig met boekskryfery en of ons wil oorvat. Ons was toe heel jonk en keen vir alles en ons sê toe ja, sure.'

Tydens die gesprek maak Erns ons bedag op 'een of twee revivals' van die publikasie. 'Ek dink die een was in die 1930's of die 1940's en die ander een in die 1950's in die Vrystaat, maar die idee lyk my was nog altyd dieselfde gewees – om oorspronklike, skeppende werk in Afrikaans te publiseer.'

Maar vandag het die tydskrif 'n nuwe inslag. 'Dit maak nie rêrig vir my sin om hierdie net 'n Afrikaanse ding te hou nie,' sê Toast. 'Dit gaan vir my veel eerder oor kreatiwiteit across the board en across languages. Afrikaans word op sekere vlakke – in aanhalingstekens – bedreig', beduie hy met sy vingers, 'maar eintlik is dit 'n baie sterk taal vergeleke met ander tale.'

Hulle ontvang nie gereeld bydraes in ander tale buiten Engels en Afrikaans nie, maar het al Pools publiseer en 'ons het al ietsie in Xhosa', voeg Erns by.



'Almal leer iets deur nou en dan 'n ander taal te lees of 'n ander taal te probeer lees, en sodra jy goed begin vertaal of wanneer 'n tweedetaalspreker 'n ander taal begin praat, gebeur daar interessante goed in daai taal, en *Ons Klyntji* is 'n lekker plek om dit speling te gee,' vertel Toast.

'Daar is min sulke publikasies in SA', gaan Erns voort, 'en as jy iets watrens watrens is net Afrikaans maak, dan maak jy dit double niche, triple niche,' sê hy emfatisies. Toast lag. 'Ons het laasjaar so 'n klein bekendstelling gehad by die Book Lounge met die boeke en die T-shirts en goeters,' gesels Erns. 'Dit was net so nice – die verskeidenheid mense, die verskeidenheid kulture, die verskeidenheid stemme, tale, agtergrond, alles. Ek het nogal gedink, jisslaaikit, ek wonder wat sou die – nie net dat mense hulle altyd wil stereotipeer nie, want dis glad nie reg om te doen nie – maar ek wonder wat sê die groep Regte Afrikaners van die Paarl?'

Ná die gesprek, bied die twee goedgunstelik aan dat ek Die Argief mag huis toe neem: ou kopieë van vroeër *Ons Klyntji*'s, asook 'n jaarboek wat in 1900 publiseer is.

'Dis die laaste een,' begin Toast. 'Die hoop op die bestaan van alles,' sê hy met 'n deadpan gesig.

'Just don't f*****g lose it,' voeg Erns by.



'Dis soos The Ring [uit *Lord of the Rings*]. Daar's net een,' gaan Toast voort.

'Dis kosbaar,' sê Toast, in 'n stem wat JRR Tolkien se **Lord of the Rings** karakter, Gollum, se 'precious' naboots.

'Just don't f*****g lose it.'

Glo my, ek het nie.


Toe Toast en Erns die leisels by Koo's oorgeneem het om die herlewing van *Ons Klyntji* te waarborg, het Toast 'n nou beroemde e-pos uitgestuur aan skrywers, redigeerders, kunstenaars en fotografe. (Die aanbod sluit bydraes van grafika, gedigte, kortprosa, stippe en meer in.) Een van die hoof teksredigeerders wat destyds deur Toast genader is, is joernalis Joe Botha.

Joe is van mening dat die voortbestaan van *Ons Klyntji* in sy huidige vorm baie te doen het met 'die keuses van diegene wat bydra. Toe die *zine* die eerste keer in sy nuutste gedaante herleef het, het Toast 'n mail gerig aan almal wat hy gedink het die potensiaal het om 'n bydrae te maak. Sy meesterlike sin vir PR was vervat in die sin: *There's a reason you are on this list.*

'Ek wou van dag een af meer betrokke wees, want die projek was duidelik uit die ou skool,' vertel Joe. 'Nie om geld te maak nie, maar net because. Dit is natuurlik lekker om saam met die meer bekende name te verskyn, maar dis beslis nie net 'n ego-trip nie. *Ons Klyntji* is iets cool in Afrikaans. Die eerste *Ons Klyntji* was mos in 1896 die eerste tydskrif in die "kombuistaal" Afrikaans eerder as Nederlands. Die taal was toe figuurlik nog "klyn", iets wat gekoester moes word.'

Volgens Joe is *Ons Klyntji* 'nie net 'n cool *zine* nie, maar iets om saam op trots te wees; iets wat wys mense wil nog vrye denkers en skrywers in Afrikaans wees. 'As keurder sien ek hoe die gehalte van inskrywings jaarliks verbeter en dit





Onslae ontwerp deur Arno Kruger

is vir my 'n uitstekende teken vol hoop vir die toekoms. En ons almal doen dit vir die liefde van die saak.'

Hein Coetzer, ook 'n bydraer, deel Joe se sentiment oor Afrikaans wat gekoester moet word. Hy wil hê meer mense moet sy werk lees, en dit gee hom boonop die kans om onderhoude met musiekgroepe te voer.

'n Ander gereelde bydraer tot *Ons Klyntji*, die joernalis Bienné Huisman, is van mening dat *Ons Klyntji* oorspronklik 'n 'deel was van 'n beweging om Afrikaanse kreatiwiteit te vier'. Volgens Bienné het Toast en Erns dit sedertdien reggekry om die publikasie meer inklusief te maak; 'dus 'n viering van Suid-Afrikaanse kreatiwiteit in 'n breër sin'.

Bienné was ook by die bekendstelling in die Book Lounge en beskryf dit as heerlik divers met mense van verskillende agtergronde en rasse. 'Ek dink Erns en Toast is ware cultural trend-setters; *Ons Klyntji* is besig om te groei en om by te hou met veranderende cultural landscapes in ons land. Ek hou van die underground aspek van *Ons Klyntji* - die anything goes-mentaliteit. Niks is te weird of verregaande nie. Hy het nogals 'n galgehumor, wat lekker is,' voeg sy by.

Die joernalis en gesoute *Ons Klyntji*-bydraer, Donnay Torr, is van mening dat dit die 'subversive natuur' van die *zine* is wat haar 'soos 'n handskoene pas - dit is 'n geleentheid om buite die gewone korporatiewe boksies en sosiaal-aanvaarbare standaarde iets te skep wat aweregs en interessant is - iets wat ek wil doen'.

Torr beskryf haar aangetrokkenheid tot die publikasie as 'n hartsprojek, dalk - om iets te doen wat vir jou lekker is, en wat ook eintlik vir *Die Saak* is... Om interessante stemme en opinies 'n platform te gee, en om ander inhoud as, byvoorbeeld, die gewone *Huisgenoot*-goed daar buite te plaas. Veral mense wat nie in 'n skryf- of joernalistieke beroep is nie, maar wel 'n kreatiewe streep en iets te sê het, sien *Ons Klyntji* as goud'.

Hetsy bydraes gelewer word vir die blote lekkerheid daarvan, of 'n poging om 'n wye kulturele gehoor te bereik - '*klyn begin*' hou beslis 'aan win'.

Erns Grundling en Toast Coetzer



Tydlyn

- 1896: Gestig in die Paarl, deel van die Afrikaanse taalbeweging
- 1900: Ly finansieel weens Anglo-Boereoorlog
- 1906: Laaste kopie verskyn onder Afrikaanse Taalbeweging
- 1940s / 1950s: Poging tot herlewing deur Vrystaatse onderwysers
- 1996: Koos Kombuis bring dit weer op die been
- 1999: Toast Coetzer en Erns Grundling neem oor
- 2014: Webtuiste, *Klyntji.com* word gestig

- Mila de Villiers is die redakteur van *Bookslive.co.za*
- Erns Grundling is 'n skrywer, digter en joernalis. Sy memoire oor die Camino Francés, *Elders*, het verlede jaar verskyn

Hierdie artikel is die samestelling van die outeurs se onderskeie skryfstukke wat op *Klyntji.com* gepubliseer is en verskyn hier met toestemming van die uitgewers.



Vanjaar se Woordfees: verwagtinge teenoor die werklikheid

deur Francois Verster

Ek het al vergeet hoeveel Woordfeeste ek bygewoon het, maar dit bly steeds opwindend om die lywige program deur te blaai. Al bied elke fees sy eie persoonlikheid en besondere bydrae tot ons kunste sal die Woordfees vir my altyd dié boekfees in Suid-Afrika wees. Die toneel- en filmbydraes begin al die boeke-items oortref (wat getalle betref), en ek gun die uitvoerende kunste hulle plekkie in die kollig. Tog bestaan die hoop dat die Woordfees altyd primêr 'n boekfees sal bly. Die gekuier langs die Boeketent en Plataankafee is altyd 'n hoogtepunt en die boek-inkope laat 'n mens se dra-sakke swaarder word – en jou beursie ligter. Hierdie jaar was inderdaad geen uitsondering nie, al was my tyd daar kennelik beperk.

Vir my was Woensdag 8 Maart Dag Een, toe ek en 'n medebibliofiel ná 'n gesellige ontbyt Boeketent toe was. Daar het ons *Die laaste stemme van Karel Schoeman* bygewoon – Dan Sleigh, Cas Wepener en Tim Huisamen, gefasiliteer deur Louise Viljoen: robuuste, substansiële gesprekvoering deur sprekers wat werklik gravitas uitstraal weens hulle ervaring en insig or die betrokke onderwerp.

Maar dis oor Dag Twee waaroor ek hier verslag gaan lewer, naamlik *Die intimiteit van skryf*, met Dominique Botha, Valda Jansen, Ray Kluun en Ernest van der Kwast en Andries Visagie as die vraesteller. Dié gesprek is op Saterdagmiddag 10 Maart in die HB Thom-seminaar-kamer gehou en ek het daarna uitgesien as 'n feeshoogtepunt.

Met my aankoms was daar nog 'n tou mense voor die deur – laatkommers wat nog kaartjies wou koop. Hulle is egter teleurgestel, want ek self het die laaste sitplek naby die deur opgeëis.


Die atmosfeer was een van afwagting. Die deelnemers het dit ook aangevoel; hulle lyftaal het dit verklap en die twee naaste aan my het senuagtig gelag. Daar was 'n sekere soort selfbewustheid wat deurgespoel het ná hulle antwoorde op die vraagsteller se vrae. 'n Kontras met die gehalte van die Schoeman-gesprek het onderlangs begin deurgeskemer; en daar was meteens 'n wanklankie in my Woordfees-melodie vir 2018.

Toegegee, ek het dalk met 'n té hoë verwagting daar opgedaag – die genoemde Schoeman-lesing – maar ook die tradisie, die ervaring van vorige Woordfeeste, het onteenseglik 'n standaard gestel wat my verwagtingshorison beïnvloed het. Uiteraard wil 'n mens nie summier negatief of verdoemend wees nie, want die bedoeling van sulke gesprekke, naamlik die bruglegging tussen skrywer en leser, soos oor 'n grag tussen 'n kasteel (ivoortoring selfs?) en die omringende milieu (die mark waar boeke ontvang word) is edel en nodig, sodat die gewone leser by die kasteel ingenooi word. Fiksie is immers hoe skrywers menings gee oor hoe daar moreel suiwerder geleef kan word, deur die uitwys van vergrype en skynheilighede. Die sogenaamde 'menslike kondisie' word aangespreek, en desdae toenemend deur middel van 'faksie', 'n onverbloemde vermenging van feit en fiksie.

100%

US WOORDFEES


W



Foto's: litnet.co.za



Die laaste stemme van Karel Schoeman het die skrywer ietwat meer beïndruk as *Die intimiteit van skryf*. Kloksgewys van links is Dan Sleigh, Louise Viljoen, Cas Wepener en Tim Huisamen





Dit blyk inderdaad dat al vier die betrokke skrywers, Dominique Botha (**Valsrivier**), Valda Jansen (**Hy kom met die skoelappers**), Ray Kluun (**'n Vrou gaan dokter toe**) en Ernest van der Kwast (**Mama Tandoori**), hulle boeke sterk op eie lewenservarings gebaseer het – die grondliggende intimiteit van skryf is dus hier ter sprake.

Die welsprekende Botha se antwoorde op 'Visagie het my wel beïndruk in die sin dat sy oor die skryfproses self gepraat het. **Valsrivier**, wat primêr oor die dood van haar broer aan 'n oordosis dwelms handel, het in 2013 verskyn en is in Engels vertaal as **False River**. Beide weergawes is bekroon. Sy noem dat die skryf van die boek intense spanning in haar gesin veroorsaak het ('faksie' word 'friksie', noem Van der Kwast), maar dat hierdie interaksie uiteindelik juis tot beter familieverhoudinge gelei het.

Botha het die stelling gemaak dat skryf 'n manier is om van jouself ontslae te raak'. Sy voel dat hoewel die proses vir haar en haar familie helend was, 'moet dit ook die lesers só raak dat dat vir hulle helend én interessant kan wees. Die opskryf-deel is die eerste daad van fiksie; jy verskraal die gegewens en bou die karakters uit. Dis vloeibare herinneringe wat op papier neergelê word – jy onthou nie noodwendig die regte dinge nie, dalk net wat jy wil'. Hiermee het sy wel 'n skrefie insig in die proses van dié soort skryfwerk gegee.

Jansen, 'n treffende en intense mens en wenner van die Jan Rabie-Rapportprys in 2017 vir haar debuutwerk, het oor haar worsteling om enersyds 'n skrywer te word en andersyds om dié spesifieke tema – die aanspreek van haar belewing van apartheid – gepraat. Maar hoofsaaklik oor hoe moeilik apartheid was om te hanteer – om dit te beleef en te óórleef. Die trauma daarvan, wat haar en miljoene ander se menswaardigheid afgetakel het, spook steeds by haar. Sy het egter nie regtig lig gewerp oor hoe sy hierdie proses aangedurf het nie, dalk omdat sy steeds sukkel om daaroor te praat. Gevolglik het die gehoor nie veel oor die skrywer se tegniek aangaande die verwoording van persoonlike ervarings wysers geword nie.

Ook is te veel tyd vermors aan humoristiese anekdotes, en veral Van der Kwast, 'n imposante man van Indies-Nederlandse afkoms, het op die gepreksleier se aandrang bloot 'n passie uit sy boek (in 2010 gepubliseer) voorgelees. Sy swaar Nederlandse aksent het dit moeilik gemaak om te verstaan, maar die gehoor het tog gelag, dog was dit simpatieke, amper geblikte gelag, want vooraf is genoem dat sy bydrae 'n kwinkslag in ligter luim sou wees. Hy het kort-kort gelag, soms ironies, soms bloot omdat dit van hom verwag is, en weereens het niks van die onthulling oor die skeppingsproses na vore gekom nie. Al wat hy laat blyk het, was dat sy moeder nie wou hê hy moes 'n skrywer word nie en dat sy steeds min van sy beroepskeuse dink of verstaan.

Die ewig-glimlaggende en sjarmante Kluun (of eerder ongeërgde), se debuutroman het in 2003 reeds as **Komt een vrouw bij de dokter** verskyn. Hy vertel dat sy vrou, wat besig was om aan kanker te sterf, hom gevra het om die boek te skryf en dat hy dit etlike maande later gedoen het, ongenaakbaar eerlik en reguit, dus met min versinsel, aldus haar versoek. Dit het hom die teiken van aansienlike kritiek gemaak, want daarin onthul hy dat hy ontrou aan sy eggenoot tydens haar sterwenstyd was. Hierop trek hy sy skouers op en antwoord bloot met: 'Dit was sestien jaar gelede.' Geen regverdiging of diepere sielsoomblik volg as verduideliking vir sy nonchalantheid nie, en is die geleentheid om groter insig in sy skeppingsdaad te verleen, veral die morele sy van dié daad (en ander) – verspeel.

Indien 'n mens al vier se boeke sou lees, sou jy waarskynlik meer oor die intimiteit van skryf kan wysraak, maar die paneelgesprek was oplaas gebrekkig om die tekste óf hulle skrywers se psiges bloot te lê. Bowenal wonder 'n mens steeds tot watter mate elkeen van hulle se vertwyfeling uiteindelik genegeer is deur die katarsis wat hulle ervaar het.

Feeeste word egter nie aan een item gemeet nie, en in Maart 2019 sal Stellenbosch my weer sien, herlaai met afwagting en nuutgevonde opgewondenheid. Want vertrou is immers 'n hongerte aan beterskap.

Dr Francois Verster is 'n historikus, argivaris en skrywer



SKRYWERS GESELS

Abraham de Vries

saamgestel deur Francois Verster

Op 'n winderige Kaapse somersmiddag ontmoet ek my ou vriend, die skrywer Dana Snyman, op die hoek van Kloofstraat en Etonweg, naby die Bo-Kaap, en daarvandaan loop ons na 'n ouerige huis met 'n hoë wit muur. Dit is die woning van die veteraan-skrywer Abraham de Vries. Dana, 'n groot bewonderaar van Dr de Vries se werk, het gevra om saam te kom – hy sou fotograaf speel terwyl ek 'n paar vrae aan die doyen van die Afrikaanse kortverhaal stel.

Ek is bly dat Dana saamgekom het, want soos verwag is hulle gou aan die gesels oor skryf, skrywers en boeke, terwyl ek en Mevrouw (Hannie, née Pienaar) de Vries hier en daar iets noem of vra. Ek het rondgekyk en veral die dakhoogte boekrakke bewonder, maar ook geraamde sketse en skilderye van, onder andere, Francois Krige, broer van Uys. Dit voel asof 'n mens in 'n tydskapsule is, so tussen die groot name van goed 'n halfeeu gelede, mense wat tydgenote én vriende van ons gasheer was.

Oom Braam, soos Dana hom noem, lyk besonder jeugdig vir iemand van sy jare (hy het op 9 Februarie vanjaar 81 geword) en ek verwonder my aan sy geanimeerde vertellings, die plesier wat hy daaruit put en die humor wat telkens na die oppervlakte bruis – terwyl sy eggenote maak asof sy verontwaardig is oor sy wegkronkelende anekdotes (ek besef gou ek sal my vrae moet inkry wanneer ek 'n opening sien), maar sy geniet sy humor net soveel as ons. En ek dink: watter geseënde twee mense is hierdie nie; geesgenote wat na al die jare steeds so kan korswel en lag... om in hulle geselskap, so gemaklik en vertederend, te wees is 'n voorreg.

Nietemin, my eerste vraag is: 'Is romans wêreldwyd steeds die konings van die genres?' – miskien ietwat uitlokkend, wetend dat hy kortverhale verkies, hoewel hy onder 'n skuilnaam (Thys van der Vyver) drie romans geskryf het. Sy antwoord

verklaar eintlik die gebruik van 'n pseudoniem, naamlik dat kortverhale vir kenners is, maar romans is vir liefhebbers. Daarmee bedoel hy romans is merendeels vermaak, selfs ligte vermaak, soos dié wat hy geskryf het; hy noem daardie drie romans 'entertainments, sonder diepsinnighede'. Uiteraard is daar diep romans, baie van hulle, maar vir Abraham de Vries is kortverhale die medium waarmee hy die menslike kondisie belig.

My tweede vraag is: 'Wat is jy eerste, pedagoog of skrywer?' en soos verwag antwoord die afgetrede professor met 'n vonkel in die oog: 'Skrywer.' Só naby aan die hart lê skryf vir hom, só ernstig benader hy dié nering. Daarom vra ek: 'En wat beteken die term kortverhaal vir Abraham de Vries?' Hy glimlag en sê sonder 'n sweem van irritasie (vir iemand wat die vraag sekerlik al 'n honderdmaal moes antwoord): 'Doodgewoon 'n kort storie.'

'Is skryf wat jy ken, soos skryfskole beweer, die beste strategie, en is dit Abraham de Vries s'n ook?' wil ek weet. "n Bekende plek, en eenvoudige goed is nodig,' beaam hy my stelling sonder om ja of nee te sê. Ek lei af dat hy voel dat 'n skrywer nie eksotiese temas of plekke of karakters hoef te soek nie, maar dit wat rondom hom of haar is, kan ondersoek. Ek onthou dat ek as kind in Namakwaland geleer het dat as 'n mens gaan stilsit en die veld van nader beskou, heelwat aan jou geopenbaar word, en ek dink dis dalk ook wat 'n kind van die Klein-Karoo sal weet. Elke omgewing is immers 'n mikro-kosmos.

'Het jy al ooit soos 'n outsider gevoel?' (my vraag verwys na die skrywer as buitestaander). 'Net nie soos 'n insider nie,' kom die antwoord so vinnig soos 'n tafeltennisballetjie na my teruggeskiet. 'Afrikaanse skrywers word nie beskerm nie,' voeg hy by en ek neem aan hy dink aan die tyd toe die vorige regime graag boeke verban en probeer het om skrywers na die



Abraham de Vries in sy huis in Kaapstad



Francois Verster

Twee groot geeste in die Afrikaanse kortverhaalkuns aan't kuier

kantlyn te rangeer. Tog, dit het nie gewerk nie, want skrywers werk die beste van die kantlyn af, eerder as in die benoude binnekring.

'Is 'n skrywer die busybody van sy dorp, soos Kirby van der Merwe dit eens gestel het?' Hy aarsel hierdie keer. Mevrou glimlag. 'Hy moet nuuskierig wees,' sê hy. Haar glimlag is breër. Verbeel ek my, of is hier iewers 'n *inside joke*? Maar ek gaan voort: 'Moet skrywers noodwendig politiek betrokke wees?' Hy knik. 'As jy weet hoe!' Mevrou skuif 'n bordjie koekies na my aan. 'Politiek is 'n ander vorm van neuroties wees.' Ek neem 'n happie, neem 'n slukkie tee. 'Die praktyk waarom politiek gaan, is storiestof.' Ek glimlag effens. Hier gaan ek nie 'n Jan Rabie-tipe tirade ontlok nie; hier is geen krappere issues nie. Abraham de Vries skryf oor die lewe, en die lewe sluit politiek in.

'Behoort skrywers hulself nie op 'n stadium te herontwerp nie?' Ek en Dana het al baie hieroor gepraat, en ek dink hy spits ook nou sy ore. 'Altyd. As dit kan.' Ek sak terug in die rusbank. En dan: 'Moeilikste is om op die patroon wat oor eeue vasgelê is te skryf.' Ek verstaan – skrywers is storievertellers en ná al die eeue is dit moeilik om met 'n vars aanslag te kom. Dog doen ons steeds dieselfde ding, elke skryfsel is bloot 'n variasie op 'n oertema. So bly ons, en wat ons sê, relevant.

'Het 'n plattelandse jeug voordele vir 'n skrywer?' Geen knik of ja-nee, nie, net: 'Op die platteland word 'n mens groot met stories. En elke verteller is 'n karakter op sy eie. Die skrywer leer om verskillende karakters te gaan soek.' Hy voeg by: 'My pa kon so lieg dat jy hom kon glo.' Ek knik. Goeie fiksie is oortuigend-lieg.

Die gesprek neem eers ander draaie, De Vries en Snyman kuier lekker en ek en mevrou drink ons tee.



De Vries aan die werk op Winkelplaas naby Ladismith in die Klein-Karoo

'n Rukkie later sien ek weer 'n gaping en glip in. 'Wanneer skryf Abraham de Vries, in die oggend of aand?' (ek weet die meeste skrywers, van Hennie Aucamp tot Deon Meyer het al gesê dat hulle vroegoggend verkies). Abraham de Vries egter, herinner my aan Louis L'Amour wat beweer het dat hy op 'n middelmannelike op Sunset Boulevard (Beverly Hills, Kalifornië) kan sit en skryf. Want die antwoord is: 'Enige tyd.'

En verwysend na die talle literêre pryse wat hy al ontvang het (die Reina Prinsen-Geerligsprys het hy al, voor my geboorte, in 1961 ontvang), vra ek, ietwat moedswillig: 'Wat is pryse werd?' 'Deesdae baie geld,' kom die antwoord. Ek glimlag – goeie antwoord, van iemand wat weet hoe om bondig saam te vat; die meester kortverhaalskrywer in aksie, dis hoe ek die onderhoud ervaar.

Ek sluit af: 'In 1973 het jy in *Gesprekke met skrywers 3* gesê jou tydverdrywe is "musiek, slaap, klets". Is dit nog so?' Hy lag net. Stilbly is ook 'n antwoord.

Later by my huis gaan lees ek weer die onderhoud wat wyle Chris Barnard, de Vries se ou vriend en ander groot Afrikaanse kortverhaalskrywer met hom gevoer het, en ek sien dat hy op Chris se vrae oor Thys van der Vyver feitlik presies dieselfde geantwoord het as op myne: 'Entertainments skryf is vingeroefening, maar ook meer as dit: dis 'n speletjie met sy eie bekoring. Ons het hoeka so min lekker storieboeke in Afrikaans. Goed geskryf, vlot, sonder diepsinnighede.'

Toe ek die dun pers boekie toemaak, dink ek: 'Abraham de Vries is 'n man vol diepsinnighede, maar op sy unieke manier vertel hy ons almal se oerverhaal vlot, dog kompleks.' Ek plaas die boekie by sy twee pasmaats op die rak. 'Watter voorreg was dit nie om 'n gas in daardie huis te kon wees wees nie.' En ek kyk na my versameling *Kaapse Bibliotekaris* en onthou

skielik: Abraham de Vries was nogal redakteur daarvan op sy dag... my voorreg was inderwaarheid dubbeld, en daardie onderhoud meer gepas as wat ek tóé besef het.

Gevind op litnet.co.za, De Vries oor hoekom so min kortverhale verskyn:

'Kortverhale is nie net 'n manier van vertel nie, kortverhale is 'n karaktertrek, nie almal het dit nie. Kortverhale is moeiliker om te skryf as romans. Nee, nie sê ek nie, sê skrywers wat kennis het van albei, Alberto Moravia ook, as ek goed onthou. Maar dié stand van sake is nie beperk tot Afrikaans nie. Oral, in alle tale waarvan ek weet, verkoop kortverhale minder as romans. Daar is uitsonderings, maar hulle is min. Maar dis waarskynlik hoekom dit lyk of uitgewers romans verkies bo kortverhale en die vraag: 'Wanneer kry ons u roman?' so bekend is. Hoekom romans beter verkoop – al is dit so vreemd juis in die haastige eeu van ons? My raaskoot: Romans kweek lesers, kortverhale kweek liefhebbers. Maar hoewel romans beter verkoop, bly uitgewers ook nie sit met goeie kortverhale nie. Vra maar vir Dana Snyman.' (*Die Burger*, 30 Januarie 2015)

Dr Francois Verster is 'n historikus, argivaris en skrywer



Hit the road, Jack (Kerouac)! by Ronel Mouton

On 20 July 2017 Library Service's five new book vans hit the road. The vans, installed on Isuzu platforms, are used to transport material to libraries in rural areas for collection development and to move stock to libraries where needed. One van is based in Worcester and is shared between


the Hermanus and Worcester regional offices. Beaufort West and Oudtshoorn regions also share one, whereas Vanrhynsdorp, Swellendam and Saldanha regions have their own vans. Keep your eyes peeled on the road for these beauties and give them a wave if you love books!



A book van in a parked position with the steps and railing deployed



The vans feature sliding stowaway steps with skid-proof surfaces



Vehicles are brightly branded and easily identifiable



Colourful artwork makes the vehicle an ideal marketing tool to create interest and awareness about reading and libraries



Shelves are adjustable and removable and lined with carpet to protect and secure books during transit





Items can be safely stored in cupboards and lockable drawers



Removable railings enable easy access as well as a compact storage solution



Ronel Mouton is the assistant director of the Eden and Central Karoo regions of the Western Cape Library Service





When blood meets ink

by Erich Buchhaus

The year 2015 marked the 70th anniversary of the conclusion of the Second World War (WWII). It has inspired a wealth of writing both by contemporaries and later authors from all over the world, exploring an immense range of experiences as well as different aspects of the war's actuality.

Owing to the fairly recent release of classified archival information, there has been a further increase of literature covering the period in question. This article follows the previous article *The war of wars: World War II, 1939-1945 in literature* (**Cape Librarian**, May/June 2016) that provided a brief historical overview. To mark this anniversary, several new fiction titles have appeared as well as a re-issue of some older titles. While true stories would forever capture our hearts, noteworthy fictional titles, too, leave a definite impact.

United States Marines raise a US flag atop Mount Suribachi during the Battle of Iwo Jima on 23 February 1945
Joe Rosenthal/Associated Press






One of the most memorable novels based on actual events is Thomas Keneally's Booker Prize-winning novel titled **Schindler's Ark** (1984). This book would later be adapted into the much-vaunted movie, **Schindler's List**, directed by Steven Spielberg. It takes the viewer on the quest of a Sudeten-German tycoon, Oskar Schindler, who rescues the Jews by setting them up as a workforce in an enamelware factory in the Polish city of Krakow. A list compiled by Schindler ultimately saves more than 1,200 Jewish men, women and children from the lethal gas chambers of Auschwitz and Gross-Rosen.



The more recent **The German girl** (2016), written by Armando Lucas Correa, tells the poignant story of German-Jewish refugees bound for Havana on the MS St. Louis, a transatlantic liner, who are denied permission to land anywhere and forced to return to Germany at the brink of the WWII. Mostly forgotten, it is based on a true historical event and was earlier dramatised in a 1976 film called **Voyage of the damned**. Three further American authors of note who have written about the Holocaust are Leon Uris, Herman Wouk, and William Styron. In **Mila 18** (1961) Uris covers the uprising in Warsaw's Jewish ghetto in 1943 while **QB VII** is a courtroom drama concerning the woes of Holocaust survivors. The Holocaust also features

in Herman Wouk's epic novel **War and remembrance** while in William Styron's **Sophie's choice** a concentration camp survivor has to make heart-wrenching decisions about the future of her children.

A classic novel regarding the American experience during the war is Norman Mailer's **The naked and the dead** (1948) in which the story of an infantry platoon invasion of a Japanese-held island is told. Regarded as the best American WWII novel, it is based on Mailer's personal experiences in the Philippines. Equally memorable is James Jones's **From here to eternity** (1951), based on the author's experiences as a soldier when stationed on the island of Oahu during the Pearl Harbour attack. He is also remembered for his novel **The thin red line** which deals with combat and the soldier's emotional response to his circumstances, pulling no punches in its treatment of the subject. Jones served in the Pacific campaign of WWII and this is a rare instance where a fiction author is able to draw on personal experience while combining it with literary skill.

For historical fiction fans interested in WWII, other recent additions to the genre have ranged from crime and spy intrigue thrillers to heartbreaking stories of those in concentration camps to personal stories of survival and even romance.








In most cases these capture the mood of an era just as deftly as their non-fiction counterparts. At times disturbing and heroic, they represent a multicultural perspective of the deadliest conflict in human history. But whether these historical fiction novels tell stories of the frontlines or of those waiting at home, they all point to one forgotten reality: the effects of war reach far beyond the battlefield.

A severely overlooked novel is Irwin Shaw's **The young lions**, which is told through the contrasting experiences of three men – Christian, an Austrian who joins Hitler's army; Noah, a Jew who enlists in the US Army; and Michael, an Anglo-Saxon US soldier who survives the war but is left looking for a life purpose. Kristin Hannah's more recent novel **The nightingale** (2015) explores the stories of two sisters, separated by years, experience and ideals, each pursuing a treacherous path toward survival, love and freedom in Nazi-occupied, war-torn France. This poignant and beautiful novel celebrates the resilience of the human spirit and the inner strength of women. A little-known story of Italian citizens responsible for saving more than 40,000 Jews from capture is revealed in Mary Doria Russell's novel **A thread of grace** (2005). The story is relayed via the perspective of a Jewish family seeking safety in Italy

during the final phase of the war. **When the emperor was divine** (2004) by Julie Otuska shares the ordeal of a Japanese family sent to an internment camp in America after Pearl Harbour. This dark period in American history is vividly described by five Japanese-Americans. A novel that shines a light on one of the war's most devastating, yet unknown tragedies, is **Salt to the sea** (2015). Written by Ruta Sepetys it is told from alternating points of view, inspired by the real-life tragedy that took place near the end of the war. This was the deliberate sinking by the Russians of the Wilhelm Gustloff, a German ship filled with refugees fleeing the Russian advance on the Eastern Front. This almost unknown maritime disaster whose nearly 9,400 casualties dwarfed those of both the Titanic and the Lusitania, accounts for the largest loss of life in a single ship sinking.


